

## Was daar maar iemand...? Ja, daar is!

### Skrifvoorlesing: Maleagi 1

#### Teks: Maleagi 1:10,11

*“Was daar maar iemand onder julle wat die tempel se deure wou toesluit, sodat julle nie my altaar tevergeefs aan die brand hou nie! Ek hou nie van julle nie, sê die Here die Almagtige, en Ek wil nie ‘n offer van julle hê nie. Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, word Ek deur die nasies geëer. Oral word daar vir My offers gebring, rein offers.”*

**Wanneer die Here iemand soek om die tempel se deure te sluit** moet ons weet dat Hy iets beters soek as die offers wat hulle in die tempel vir Hom gebring het. Die profeet Jesaja het al daarvan getuig (Jes 1:11-14) en so ook Amos (Amos 6:21-23). En nou getuig Maleagi, die laaste profeet van die Ou Testament ook so.

**Waarom wou Hy dan die tempel se deure sluit?** Omdat die offerdiens in die tempel so ver verval het van wat dit moes wees dat dit net sowel afgeskaf kan word. Die volk Israel was deur God uitverkies om sy tempeldiens so in stand te hou dat dit tot Sy eer is, maar in plaas daarvan het hulle dit beleef as ‘n klomp onnodige moeite. Selfs die “nasies” bring beter offers as Israel.

**Wat was dan fout met hulle offers?** Die volk en die priesters het dit met die verkeerde gesindheid gebring. As jy luister na wat hulle sê, **dan klink dit so opreg:** *“Maak God dan tog nou goedgesind dat Hy ons genadig kan wees!”* (v 9) Maar as jy na die offers kyk, **dan sien jy die valsheid.** Die blinde, siek en verminkte offerdiere wat hulle bring verklap wat in hulle harte aangaan. Hulle het nie werklik eerbied vir die Here nie, en behandel Hóm met minagting.

**Wie mag dan die tempeldiens afskaf?** *“Was daar maar iemand onder julle... “* Hierdie “iemand” moet dus ‘n mens wees, ‘n baie besondere mens – een wat iets beters in die plek van die tempeldiens kan stel. Hy sal die volmaakte offer (uiterlik én innerlik) moet bring om alle onvolmaakte offers wat deur die eeue gebring is uit te wis en in die plek daarvan ‘n offer te bring wat God waarlik eer.

**Het dit toe gebeur?** Ja, Jesus Christus het daardie volmaakte offer gebring. Die offer was Hyself. Met die woorde *“Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.”* (Joh 2:19) het Hy geprofeteer oor sy liggaam wat na sy kruisdood as nuwe tempel van God sal opstaan deur die krag van die Heilige Gees. Daarmee het Hy ook die ware tempeldiens ingestel waar ons God dien in ons liggame en gesamentlik as geestelike liggaam van Christus (Rom 12:1 en 2).

**Wat beteken dit vir ons diens aan God?** Eerstens moet ek my bekeer tot die ware godsdiens wat deur Christus as waar en eg bewys is. Alles wat ek in en met my liggaam en gees doen moet tot eer van God wees. Ek eer God deur in die eens-en-vir-altyd offer van Christus (Heb 10:8-10) te glo as die enigste volkome offer wat vir my gebring is. Ek

eer God deur te leef deur die krag van die Heilige Gees wat by my inwoon om my in staat te stel om Hom met my hele lewe te dien.

**Toerusting: Hoe kan ons hierdie “nuwe” godsdiens uitleef?  
(Riglyne uit Romeine 12:1-21)**

1. Aanvaar God se “ontferminge” as dié dryfkrag van jou lewe, want alles wat jy is en het is “uit Hom en deur Hom en tot Hom” (11:36).
2. Doen wat Jesus gedoen het: Stel jou liggaam tot beskikking van God as “’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer” (12:1). (Heel eenvoudig begin dit by wat, hoe en hoekom ek eet en drink en aantrek, want ons “gaan” nie “kerk toe” nie, ons is altyd kerk.)
3. Leer by God om nuut te dink oor jouself (ek is alleen in Christus waardig om God te dien as sy kind). Waak daarteen om soos “die wêreld” (die ongelowiges) te dink en te redeneer, want dit gaan maak dat jy weer terugval op formalistiese godsdiens waarin jy probeer om God te behaag met jou eie gebrekkige offers. (12:2)
4. Wees veral beskeie oor die besondere genadegawe wat die Heilige Gees aan jou gee en laat Hy jou wys hoe jy daarmee moet werk om jou deel te doen om sy gemeente op te bou (12:3-8).
5. Doen alles gewoon uit opregte liefde tot eer van God (12:9-21) nie om “gered te word” nie, maar “omdat jy deur Hom gered is”.